



MITES EN FEITE

oor kliniese proewe van TB- diagnostiese toetse

✗ MITE



Mense in ontwikkelende lande word in kliniese proewe vir diagnostiese toetse as “proefkonnynne” gebruik.

FEIT ✓

Die heel eerste kliniese proewe word gewoonlik gedoen in die land waar die diagnostiese toets in die eerste plek ontdek is.

Nadat die akkuraatheid van 'n diagnostiese toets die eerste keer met behulp van monsters in die laboratorium getoets is, moet dit getoets word in lande waar die siekte algemeen voorkom om te bepaal of dit die siekte onder mense met simptome opspoor. **Vir TB-diagnostiese toetsproewe moet dit in 'n gemeenskap met hoë TB syfers gebeur.**

✗ MITE


Bloed wat in kliniese proewe ingesamel word, word later verkoop om 'n wins te maak.

FEIT ✓

Bloed word nooit verkoop of op enige onwettige manier gebruik nie!

Bloed word in hierdie kliniese proef benodig om die diagnostiese toets uit te voer. Dit is 'n nuwe toets wat TB-teenliggame in bloed eerder as TB-bakterië in sputum opspoor. Die nuwe toets is vinnig, kan by gesondheidsgeriewe soos hierdie een gedoen word, en benodig geen laboratoriumtoerusting nie.

Die toets gebruik die kleinste hoeveelheid bloed moontlik. 'n Deel van die bloed sal bewaar word sodat dit weer later vir verdere ontwikkeling en/of verbetering van die toets getoets kan word, maar slegs met die deelnemer se toestemming.



✗ MITE

TB- diagnostiese toetse wat tydens kliniese proewe gebruik word, gee mense TB.

FEIT ✓

Die TB- diagnostiese toets kan jou nie TB gee nie!

Tydens die kliniese proef sal slegs 'n klein hoeveelheid bloed by die deelnemers geneem word. Die bloed sal met behulp van 'n steriele, enkelgebruik-Vacutainer en spuit uit 'n aar in die deelnemer se arm geneem word. Die deelnemer kan 'n baie klein “prik” van die uiters dun steriele naald voel, maar **sal nie TB of enige ander infeksie kry nie.**

✗ MITE

Indien en wanneer daar bewys is dat die diagnostiese toets werk, sal die gemeenskap en deelnemers aan die kliniese proewe nie daarby baat nie.

FEIT ✓

Wanneer ons bewys dat die nuwe diagnostiese toets akkuraat is en geskik is om by gesondheidsgeriewe soos hierdie een te gebruik, sal die toets beskikbaar gestel word aan enige gemeenskap wie se regering dit goedkeur en dit lisensieer. **Ons missie is om 'n nuwe diagnostiese toets te ontwikkel wat beskikbaar en toeganklik is vir alle gemeenskappe wat dit die nodigste het, sodat persone met TB hulle medisyne kan kry en so gou as moontlik gesond kan word.**



✗ MITE

Slegs mense wat met TB siek is, kan aan kliniese proewe vir TB- diagnostiese toetse deelneem.

FEIT ✓

'n Kliniese proef vir 'n TB- diagnostiese toets vind uit of 'n nuwe toets TB akkuraat kan opspoor. Die mense wat dus aan 'n kliniese proef vir 'n TB- diagnostiese toets deelneem, sal almal simptome van longsiektes hê wat die gevolg van TB kan wees of nie die gevolg daarvan kan wees nie. **Die nuwe toets sal slegs TB opspoor**, en slegs daardie persone sal TB-medisyne kry. Persone sonder TB kan ander medisyne kry.

